

MOBILE PET
WE COME
FULL SERVICE MOBILE
Cat Foods-Retail
Cat Foods-Whsle &
All Natural Products
We Come To You!
Mobile Pet Grooming
JUDY'S K-9 CLIPPERS
NOAH'S ARK PET STYLING
25 YEARS EXPERIENCE
TLC Is Our Specialty

Onthou jy die geel bladsye?  ‘n Mens kry dit nog steeds!  Dit was ‘n vinnige manier om te weet wie jy kan bel vir watter probleme jy ook al het – dag of nag… Wie kontak jy wanneer jy hulp nodig het?

**Lees Lukas 18:1-8**.  Merk die frases wat vir jou uitstaan.

# LUKAS 18:1-8

'Hy het vir hulle 'n gelykenis vertel oor hoe nodig dit is **om altyd te bid en nie moed te verloor nie**. Hy het gesê: “Daar was 'n sekere regter in 'n bepaalde stad, wat nie ontsag vir God gehad het nie en hom aan geen mens gesteur het nie. Daar was ook 'n weduwee in daardie stad, wat hom bly opsoek het met die versoek, ‘Laat reg aan my geskied in my saak teen my opponent.’ 'n Tyd lank wou hy nie, maar naderhand het hy by homself gedink: Al het ek geen ontsag vir God en steur ek my aan geen mens nie, sal ek, omdat hierdie weduwee my moeite gee, tog maar reg aan haar laat geskied; anders gaan sy my tot aan die einde bly teister.”

# LUKAS 18:1-8

Toe sê die Here: “Luister na wat die onregverdige regter sê! **Sal God dan nie reg laat geskied aan sy uitverkorenes wat bedags en snags na Hom roep nie? Sal Hy hulle lank laat wag? Ek sê vir julle, Hy sal baie gou aan hulle reg laat geskied.** Die vraag is net: Sal die Seun van die Mens, wanneer Hy kom, geloof op aarde vind?” '



Die storie gaan oor ‘n goddelose regter en arme weduwee wat haar regsaak voortdurend na hom toe geneem het.  Hy het op die einde maar ingegee tot haar versoek, net om haar stil te maak.

Jesus verduidelik:  God is ons regter en ons is die weduwee wat moet aanhou vra.

*Hoe verskil God as regter van die goddelose regter?*
*Wat is ons rol as weduwees voor God se regsbank?*

Die storie leer ons dat die weduwee nooit ophou vra nie. Al sien jy nie resultate nie, kry jy nie konkrete antwoorde nie, verander jou situasie nie… Jy mag nie ophou bid en smeek en vra nie!

*Voel dit vir jou dat God nie jou gebede verhoor nie?*
*Voel dit vir jou God neem te lank of kan jou nie help nie?*
*Waarvoor bid/ vra jy tans vir God om mee te help?*


ANTWOORD GOD NIE
JOU GEBED NIE?

Moet nooit dink dat die Here te lank neem of nie omgee oor waardeur jy gaan nie.  Moenie ongeduldig raak met God se tyd of antwoord nie.

God se Antwoord is perfek.
God se Tydsberekening is perfek.

Hy is nie die een wat lank vat nie… Dalk het jy is te stadig om te snap… Hy is nie net die Regter wat ‘n beslissing moet maak nie… Maar ook die onderwyser wat jou nog iets moet leer…

*GOD*
is the *answer*
to *every* problem.


GOD SE PERFEKTE TYD.

Dink ‘n bietjie aan Jesus se wonderwerke in die Nuwe Testament.  Daar is ook ‘n wonderwerk van die blinde man in Jerigo in Lukas 18.  *Wat is vir jou kenmerkend van hierdie wonderwerke?*

Amper al die behoeftiges smeek en roep tot die Here, hulle vra om te sien of gesond te raak, en Jesus herinner hulle dat hul geloof hul red. (Sien ook Lukas 18:8)

Dit is nie die oplossings wat genesing bring nie, maar om op Jesus te vertrou.  Jesus moet ons kruk wees – nie jou goeie huwelik of jou rehabilitasie of die seën op jou finansies nie. Plaas jou vertrou op Hom alleen!


Keep praying
and don't give up.

# PSALM 121

''n Pelgrimslied. Ek kyk op na die berge: Waar sal my hulp vandaan kom?
My hulp is van die Here, wat hemel en aarde gemaak het.
Hy sal nie toelaat dat jou voet struikel nie; jou Beskermer sal nie insluimer nie. Kyk, die Beskermer van Israel sluimer nie in nie en Hy slaap nie.
Die Here is jou Beskermer; die Here is jou skaduwee aan jou regterhand.
Bedags sal die son jou nie skaad nie, en snags ook nie die maan nie.
Die Here sal jou beskerm teen elke onheil; Hy sal jou lewe beskerm.
Die Here sal jou uitgaan en jou terugkeer beskerm van nou af en vir altyd.'

Wat staan vir jou uit in hierdie mooi Psalm?

- Die psalmdigter vra nie vir spesifieke hulp nie… maar weet waar sy hulp vandaan kom
- God slaap nie
- God raak nie moeg nie
- God vergeet nie
- Hy is bekommerd, besorgd, verstaan

Daarin lê ons seën en die antwoord op al ons probleme!

KEEP
ON PRAYING
GOD
NEVER
SLEEPS



*Wie dink jy slaap, sluimer, raak ongeduldig, vergeet en sak uit?*

Dalk het jy al opgegee op baie dinge in jou lewe… Opgehou met ‘n dieet of ‘n oefenprogram of vriende wat jou teleurstel of verhoudings wat net nie werk nie…

Soms vat ons ‘n breuk van dinge wat nie werk of resultate lewer nie…


Have a break, have a KitKat




**BUT NEVER FROM GOD**

Hou aan soek na die wil van die Here!
Klop, en vir jou sal oopgemaak word!
Soek en jy sal vind!
Jy kan opgee op baie dinge, maar moenie ophou bid, Bybel lees, kerk toe gaan, glo nie!

*Hoe dink jy kan jy meer op God vertrou?*
*Hoe kan jy jou gebedslewe 'n hupstoot gee?*



Jesus sê aan die gelykenis dat die tyd kort is vir mense om op Hom te vertrou en hul geloof in Hom te plaas.
Weet jy hoe naby is daardie deurbraak… Moenie nou al opgee nie… Hou vas aan die Here!

Twee sokkerstories van dinge wat op die perfekte tyd, net betyds gebeur het.
1. Drie jaar gelede speel Real Madrid teen Manchester City in die semi-finaal en is agter 0-1 in die 89ste minuut. Die toeskouers loop al hekke toe, die stadium loop leeg, die wedstryd is verby en hul kans op die finaal vergete. Terwyl hul na hul karre stap, hoor hulle die geskree binne die stadium toe Rodrygos ‘n doel skop en die telling in die laaste sekondes op 1-1 bring.

Niemand word toegelaat om weer in te kom nie – die toeskouers moet buite staan en wonder wat gebeur. Die wedstryd gaan in ekstra tyd en Real Madrid wen daardie aand met 3-1 in ekstra tyd om in die finaal teen Liverpool te speel - wat hulle 1-0 wen.

2. In die 2005 UEFA Championship Finaal is Liverpool 3-0 agter teen AC Milan. Die spelers se koppe hang. Liverpool se toeskouers begin sing: "You'll never walk alone". Die skare se ondersteuning help die spelers om aan te hou en nie op te gee nie en die wedstryd word omgedraai in Liverpool se guns – hulle wen as UEFA Kampioene vir 2005.

You'll never walk alone… As jy met God die pad stap.


Keep praying
and don't give up.

GEBED.

- Bid dat mense nie net hul huwelike of finansies of gesondheid wil herstel nie, maar hul vertroue in God.
- Dankie Here dat U tydsberekening en U geregtigheid perfek en volkome is.  Mag ons daarin berus
- Help my om vol te hou, aan te hou, deur te druk en vas te byt al sien ek nie die resultate nie

AMEN.